

Van die leuen tot die seën

Ek glo die vragstuk kan baie omstredenheid ontketen, maar tog is dit 'n baie belangrike onderwerp wat openbaar moet word weens die fynheid van die verskil.

Voordat ons na die Skrif gaan moet ons tog eers kyk wat die twee woorde beteken.

Leuen = Opsetlike onwaarheid, valsheid, onwaar,

Lieg = Leuen, onwaarhede te vertel, verloën,

Duidelik klink die twee dieselfde, maar wat as die valsheid daaraan gekoppel word!?

Valsheid = Om vals te wees, onsuiver, oneg, nagmaak, onwaar, onjuis, bedrieglik, verraderlik, geveinsdheid, agterbaksheid, vals sweer of meineed pleeg.

Wanneer 'n leuen om beswil gedoen word of dat 'n leuen met 'n goeie doel daar gestel word het dit 'n totale ander betekenis. "n Leuen in nood is so goed soos 'n stukkie brood" so sê die spreekwoord. 'n leuen in 'n moeilike omstandigheid is om jouself of ander uit daardie moeilikheid te help, en dat dit nie verkeerd is nie(wil ek amper sê). Maar as die leun gekoppel word aan valsheid soos wanneer jy 'n ware diamant vat en sy kop afsny en dit op 'n saffier of glas sit, dan is dit 'n onegte diamant en alles wat valsheid bo vir ons deurgee.

Noudat ons so 'n bietjie na die betekenis gekyk het kan ons na die Skrif gaan en ondersoek hoekom daar gelieg was deur Abraham, Isak en Jakob.

Verskeie keure het ons te doen met liegery van ons voorvaders dan lees ons skamerig net voort om dit soort van te ignoreer. Dus moet ons dit van nader beskou om 'n antwoord daarop te kry.

Abraham toe hy nog Abram geheet het, het vir hom 'n vrou gevat(wat eintlik sy niggie was)in die land Ur. Hy het toe 'n opdrag ontvang by YHUH dat hy en sy mense die land moet verlaat en na Kanaän gaan. Hy het toe getrek en wel by Kanaän gekom en gesien wat YHUH hom aangebied het en verder suid getrek. Hongersnood het hom getref op sy swerftog suid(asof YHUH hom stop om terug te keer)en was gedwing om hulp en kos te soek by die Egiptenare. Met die terugdraai en aankoms in Egipte sit hy toe met die probleem dat hy 'n mooi vrou het en dat sy lewe deur haar in gevaar is(ek vra myself altyd die vraag af nl.: YHUH het met hom gepraat en vir hom opdragte gegee en as hy gedruk of getoets word val twyfel hom aan en inplaas dat hy na YHUH toe hardloop gee jy eerder in, in sy eie swakheid).

Ons lees in *Gen 12:12* *As die Egiptenaars jou nou sien, sal hulle sê: Dit is sy vrou en hulle sal my doodmaak en jou laat lewe.*:13 *Sê tog jy is my suster, dat dit met my goed kan gaan ter wille van jou en ek om jou ontwil in die lewe kan bly.*:14 *Toe Abram dan in Egipte gekom het, sien die Egiptenaars dat die vrou baie mooi was.*:15 *Ook het die vorste van Farao haar gesien en haar by Farao geprys. En die vrou is na die paleis van Farao geneem.*:16 *En hy het goed gedoen aan Abram om haar ontwil, sodat hy kleinvee en beeste en esels, slawe en slavinne, eselinne en kamele in besit gekry het.*:17 *Maar die HERE YHWH het Farao en sy huis met groot plaë besoek ter wille van Sarai, die vrou van Abram.*:18 *Daarop laat Farao Abram roep en hy sê: Wat het jy my nou aangedoen? Waarom het jy my nie te kenne gegee dat sy jou vrou is nie?*:19 *Waarom het jy gesê: Sy is my suster—sodat ek haar vir my as vrou geneem het? Daar is jou vrou dan nou; neem haar en gaan weg.*:20 *En Farao het aan enkele manne aangaande hom bevel gegee, en hulle het hom weggebring met sy vrou en sy hele besitting.*

Ek glo dat die gelese verse nie die situasie mooi opsom nie weens tekorte van omstandighede wat alles daar wel gebeur het. Nie te min moet ons na dit kyk wat ons het en tot 'n konklusie kom.

Abraham het net dit gehad wat hy mee uitgetrek het uit Ur wat ek glo net die nodigste was om 'n bestaan te kon maak waar hy hom ook al mag bevind. Met die droogte was hy gedwing om te trek na Egipte. Waarom hy nou bang was vir sy lewe sal ons nie weet nie, want YHWH het tog gespreek, maar hoekom daar nou vrees in sy hart opgekom het klink nie reg nie 'of soos ek sê, te min informasie' (Dit is interessant of verbasend dat net voordat hulle uit die land Ur getrek het was Abram gevang saam met sy broer en het voor Nimrod verskyn. Bileam die vervloeker (towenaar) het met sy towery gesien dat daar 'n kind gebaar sou word wat 'n groot leier sou word en daarbenewens was Nimrod gewaarsku dat hy sy koningskap sou verloor in die nabye toekoms. Nimrod het toe die opdrag gegee dat alle babas gedood moes word {soos die Egiptenare gedoen het met dieselfde Bileam se raad} tot op 'n sekere ouderdom. Abram het dit vrygespring soos 'n Moses, maar met die verskil dat daar wel 'n slaaf se kind in sy plek gesterf het. Abram het groot geword sonder dat die plaaslike volk daarvan geweet het, maar was later uitgelewer deur sy eie pa aan Nimrod weens die fyt dat hy kwaad was vir Abram, want Abram het sy gode stukkend geslaan. Wat ook al sy kom hulle voor Nimrod te staande waarvan hy hulle tot die dood veroordeel. Hulle word soos Sadrag, Mesag en Abednégo in die vuur gegooi, maar met die verskil dat Abram se broer dood brand {weens klein geloof} en Abram nie {weens sy groot geloof}. Nimrod skrik toe groot en sien ook dat die volk Abram aansien as 'n "god" Nie te min ken ons die storie verder dat hulle wel getrek het uit die land uit weg van die heerskappy van Nimrod. Maar soos ek begin het om te vra: waarom die vrees nou ewe skielik vir die Egiptenare? Waarvan hy nie eens vir Nimrod bevrees was nie).

Dus moet ons nou Abram(Abraham)se situasie nou in oë aanskouing bring om te verstaan waarom die leuen.

Voordat ek gaan verduidelik vra ek die vraag: staan daar in die 10 gebooe dat jy nie mag lieg nie ? Staan daar dat jy nie 'n leuen mag vertel nie ? Nee dit staan nie daar geskrywe nie! Gebod (1) geen gode (2) geen gesnede beelde van daardie gode nie (3) geen ydellik gebruik van YHUH se Naam nie (4) Sabbat (5) vader en moeder (6) doodslaan (7) verbaster (8) steel (9) valse getuie (10) begeer.

Baie bring die valse getuie in as "lieg" wat nie so is nie. Sodra "lieg" gekoppel is aan "valsheid" ja dan oortree jy die Wet van VADER. Ek wil amper sê dat ons as mens(uitverkore)moet kan lieg teenoor satans kinders(mag) tot voordeel van ons bestaan in YAHUSHA. Kom ek stel dit eerder so, as ons met hulle te doen kry dan moet ons slim wees in ons vrae en antwoorde wat ons vir hulle moet gee.

Nou kan ons kyk na Abram se "lieg" of slimheid tot sy voordeel. Abram het geweet dat YHUH hom uitverkies het en dat hy in besit was van onverskrokkeneid(kyk toe sy broers kind Lot as gevangene weggevoer was saam met die Sodomiete. Hy het 'n klomp konings pak gaan gee om Lot en sy mense te kan red met sy klompie onverskrokke diensknegte). Hy het 'n persoonlike verhouding gehad met YHUH, want YHUH het dit self erken dat Abraham Sy vriend was! Dus die besluite wat Abram op daardie stadium gedoen het, het YHUH se goedkeuring weggedra. Ek wil amper sê dat dit 'n beplanning was van YHUH wat Abram uitgevoer het. Dink net toe hy die besluit uitgevoer het, het hy ontsettend baie ontvang van daardie land (Gen.12:16; 13:2). Wat ook gesien moet word is dat Sarai nie van die plan geweet het nie daarom die woorde van Abram wat sy moes doen. Sy het wel geweet dat hy lieg en weens die nood situasie wat hulle in verkeer en dat sy die opdrag moes uitvoer anders kan hulle Abram doodmaak. Abram aan die anderkant weet dat YHUH met hom is en dat hy sterk moet staan en wag op Hom. Soos ek bo uitgewys het, het die lieg hom uit 'n verknorsing gehelp en dat dit YHUH se goedkeuring weggedra het.

Net in kort tot ondersteuning. In *Luk 16: 8* lees ons: *En die heer het die onregverdige bestuurder geprys, omdat hy verstandig gehandel het; want die kinders van hierdie wêreld is verstandiger teenoor hulle geslag as die kinders van die lig.* Die gedeelte haal ek aan om uit te wys dat die lieg of leuen wel sy voordeel het. Die bestuurder het losbandig gelewe met goed wat inderwaarheid nie syne was nie. Die eienaar word gewaarsku oor die man en tree in. Die eienaar was eers woedend en wou die man net wegjaag tot en met hy sien wat die bestuurder doen. Ek glo die bestuurder het nie geweet dat die eienaar weet wat hy doen nie omrede hy uit sy eie sy skuldenaars ingeroep het en hulle laat lieg het om self die skuld te verminder nie. Ons weet ook nou dat hy dit gedoen het, het hy in guns by die skuldenaars gekom. Tog het die eienaar die bestuurder genader oor sy 'agterna' besluite en vir hom genoem dat hy verstandig gehandel het.

Dus kan ek dit deurtrek na Abram. Abram trek na die beloofde land en trek tog weg na wie weet waar. YHUH sien dit en keer hom en kom onder die tug van YHUH. Abram was nou gedwing om te gelieg tot sy eie voordeel soos die bestuurder. YHUH soos die eienaar sien dat Abram verstandig gehandel het en beloon hom met baie vee, silwer en goud. Dit daar gelaat.

Kom ons gaan oor na Isak. Ons kan nou ook dieselfde gebeure sien soos met Abram. *Gen 26:9 En Abiméleg het Isak geroep en gesê: Kyk, sy is dan tog jou vrou! Hoe kon jy dan verklaar: Sy is my suster? En Isak antwoord hom: Ja, ek het gedink ek kan miskien om haar ontwil my lewe verloor!* Ek wil amper sê dat Isak mooi by sy pa geleer het. Weereens die seën van YHUH aan Isak soos 'n Abram van ouds(Ek wil dieselfde seën uitwys waar die volk Israel uit dieselfde land Egipte uitrek. Interessant dat dit elke keer Egipte was. Egipte is die land wat voorgestel word as die gebreekte of geknakte riet{2 Kon.18:21}Dié geknakte riet is Gam{Ps.78:51}en waarvan YHUH Gam gebruik het. Noga se seun 'Gam' word gebruik om sy broer Sem te help en tog het YHUH Gam / Egipte gebruik om die Israëliete groot te maak waar ons weet dat straf ook daar was aan beide kante van die twee seuns. Met Israel se uitrek uit Egipte was hulle weereens beloon met silwer en goud).Wat ook besef moet word is dat VADER op allerlei maniere kan werk om SY seën in wording te laat kom of moet ek sê te laat manifesteer. Alles behoort tog aan HOM, alle silwer en goud, en HY mag daarmee maak wat HY wil. HY laat manna uit die hemel val en tog gee HY ook vleis van die aarde. HY vat by ander volke of HY sorg dat hulle gee. Tot nou toe kan ons verstaan dat die lieg geen valsheid besit nie en dus tot die voordeel van seën uit VADER se hand vir ons voorvaders.

Nou gaan ons oor na Jakob en Esau. Isak was baie lief vir Esau en Rebekka was weer baie lief vir Jakob. Interessante huwelik waar Isak eintlik baie lief was vir Rebekka en dus haar keuse van liefde moes deel(of grotendeels)maar tog die tweespalk wat na vore gekom het weens die verskil in liefde vir die twee seuns. Soos genoem was Isak liever vir Esau weens sy natuur lewe en sy ruheid. Ek glo Esau moes 'n sterk man gewees het waarvan hy so ook vir Isak beïndruk het, maar met dieselfde asem kan ek ook sê dat Jakob nie hoef terug te gestaan het nie "wat krag aanbetref" , want hy het 'n hele nag met 'n Boodskapper van VADER geworstel(Gen.32:24-28). Die lewe en keuse wat Isak gemaak het kom snaaks voor, want Isak het tog ook met YHUH gewandel en baie saam met sy pa Abraham deurgemaak en dus myns insien 'n goeie keuse tussen goed en kwaad moes maak. In *Gen 26:34* lees ons: *Toe Esau veertig jaar oud was, het hy Judit, die dogter van Beëri, die Hetiet, vir hom as vrou geneem, en Basmat, die dogter van Elon, die Hetiet.:35 En hulle was vir Isak en Rebekka 'n bitter verdriet.* As jou kind 'n verdriet is en verkeerd doen hoekom hom die erfgenaam maak!? YHUH was ook kwaad en teleurgesteld op Esau op verskeie punte.

In Mal.1:3 staan dit dat YHUH Esau haat. Esau was die wilde een van die gesin. Altyd wou hy net uitkom en in die veld verkeer. Ek dink hy was 'n handvol as hy in die huis moes bly as die weer nie toegelaat het dat hy nie na die veld kon gaan nie. Jakob aan die anderkant was weer 'n liefdevolle en meer 'n gehoorsame kind wat maklik by die huis sal verkeer. Toe Esau groot geword het, het hy vir hom nie net 'n vrou gevat nie, maar sommer 'n paar. Soos sy menswees is het hy gedoen wat hom behaag en nie wat sy ouers of YHUH behaag nie. Hy het 'n traak my nie agtig lewe laat voortspruit en dus nie oor sinlike dinge bekommerd geraak nie. Toe hy sy eerste geboortereg weggee het was hy in direkte konflik met YHUH. YHUH is baie erg op die eerste geboorte van alles op aarde en daarom die fees van die weke/ eerstelinge fees. YHUH het gesê dat in die plek van die eersteling seun in die huis moet daar 'n rein dier in sy plek geoffer word(ons weet dat dit nou YAHUSHA / YHUH-SHA is). Na die verwerping van eerste geboortereg gaan hy na die Kanaäniete en kry vir hom 'n paar Hetiete vroue waarvan hy gewaarsku was dat hulle nie met die Hetiete mag trou nie. Die Hetiete was 'n volkgroep wat in Kanaän gewoon het wat deels uitgemaak het wat met die banvloek getref sou word om plek te maak aan die Israeliete later van jare. Dus was hulle 'n verwerpte volkgroep wat 'n afstammeling was van Kanaän wat een van die seun van Gam was.

Nou hier kom Isak en roep sy seun Esau om hom die seën van die "die eers geboorte" te gee. Eers moet hy vir sy pa 'n bok gaan skiet en voorberei vir ete. Rebekka, Isak se vrou hoor die gesprek tussen hulle en neem dadelik 'n besluit soos ons dit kan lees in *Gen 27:6 Toe het Rebekka met haar seun Jakob gespreek: Kyk, ek het jou vader met jou broer Esau hoor spreek en sê: Gen 27:7 Bring vir my 'n stuk wild en maak vir my lekker ete, dat ek kan eet en jou kan seën voor die aangesig van die ~~HERE~~ YHUH voor my dood.* Toe sê Rebekka aan Jakob: *Gen 27:8 My seun, luister dan nou na my, na wat ek jou beveel. Gen 27:9 Loop nou na die kleinvee en gaan haal vir my daar twee mooi bakkies, dat ek jou vader daarvan 'n lekker ete kan maak soos hy dit graag wil hê. Gen 27:10 Dan moet jy dit na jou vader bring, dat hy kan eet; sodat hy jou kan seën voor sy dood.* Dus word hier tussen Rebekka en Jakob beplan wat nie voor YHUH geduld word nie. Daar tree nie net 'n leuen in nie, maar ook valsheid. *Gen 27:19 En Jakob sê aan sy vader: Ek is Esau, u eersgeborene. Ek het gedoen soos u my beveel het. Rig u tog op, sit en eet van my wildsvleis, dat u siel my kan seën*(Isak vermoet onraad en vra). *27:24 Hy het naamlik gevra: Is jy waarlik my seun Esau? En hy het geantwoord: Ja.* (Isak wou seker maak oor sy besluit wat volg) *27:26 Daarop sê sy vader Isak vir hom: Kom tog nader en soen my, my seun!*(Nou hier kom 'n erkenning wat ons ken as "die soen van erkenning of die soen van die dood"). *27:27 En hy het nader gekom en hom gesoen. Toe ruik hy die geur van sy klere, en hy seën hom en sê: Kyk, die geur van my seun is soos die geur van die veld wat ~~die~~ ~~HERE~~ YHUH geseën het.*

Alles wat ons nou hier bespeur het tussen Isak en Jakob was valslik. Op elke punt wat aangeraak was, was vals en in die plek van 'n leuen. Jakob het nie net gelieg om sy lewe te red nie, maar het valslik gelieg om te steel. YHUUH het dan vir Esau gehaat en dus sou Hy 'n plan gemaak het dat Jakob die seën ontvang het. Ismael was ook die eersgebore, (nie dat Ismael Abraham sin was nie) maar Isak het geërf. Ismael het wel die seën ontvang dat hy 12 vorste sou word, maar Isak wat die biologiese bloedlyn is het 12 stamme geword en Abraham se besittings geërf.

Om dit pront uit te druk dat die scenario uitgebeeld kan word met Judas en YAHUSHA. Judas was erken en uitgewys deur YAHUSHA as 'n satan, en hier kom en soen hy vir YAHUSHA die dag in Getsemane. Die soen van uitwysing, erkenning of die soen van die dood. Gulsig was Judas na die 30 silwerstukke en verloën sy "Broer". *Gen 27: 35 En hy antwoord: Jou broer het gekom met bedrog en jou seën weggeneem (gesteel).* Verlore is jou seën wat jy moes ontvang.

Min wetend (Isak) wat Esau gedoen (verkoop van sy eersgeboortereg) het, wou Isak maar net doen wat reg was om die eersgebore seun te seën soos YHUUH dit behaag. Dus van daardie dag was beide seuns 'n verlore saak. Jakob het toe sy goed gepak en verhuis na sy oom Laban om vir hom 'n vrou te soek en aan te gaan met sy lewe. Met die verblyf by sy oom was hy ook getyster met leuens. Hy het verlief geraak op Ragel en moes 7 jaar werk by die oom om die hand van sy dogter, maar na die jare ontvang hy vir Lea die suster van Ragel. Toe moes hy nog 7 jaar werk om Ragel te ontvang ens. Nadat hy klaar was om vir Laban te werk vir sy dogters en besittings het hy teruggereis na sy vader in Kanaän. Op die pad terug gebeur daar toe baie interessante dinge met Jakob en sy mense. Esau weet dat sy broer op pad terug was en hy en sy seun wou dit stop. YHUUH maak hulle so skrik dat hulle skoon van hulle perde afval en bevrees was dat Jakob hulle sou doodmaak. Maar nie te min, met die trekkery het Jakob op 'n plek agtergebly *Gen.32: 24 Maar Jakob het alleen agtergebly, en 'n Man het met hom geworstel tot dagbreek.: 25 En toe Hy sien dat Hy hom nie kon oorwin nie, slaan Hy hom op sy heupbeen, sodat die heupbeen van Jakob uit lit geraak het in die worsteling met Hom.: 26 Toe sê Hy: Laat My gaan, want die dag het gebreek. Maar hy antwoord: Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seën.: 27 En Hy vra hom: Hoe is jou naam? En hy antwoord: Jakob.: 28 Toe sê Hy: Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel; want jy het geworstel met ~~Ged~~ (jou) Skepper en met die mense en het oorwin.: 29 Daarop vra Jakob en sê: Maak tog u Naam bekend! En Hy antwoord: Waarom vra jy tog na My Naam? En Hy het hom daar geseën. Gen.32: 30 Toe noem Jakob die plek Pniël; want, het hy gesê, ek het ~~Ged~~ (ons) Skepper gesien van aangesig tot aangesig, en tog is my lewe gered.*

Van die dag toe Jakob gelieg het vir sy pa was hy as leuenaar en 'n bedriër bekend weens die leuen wat gekoppel was aan valsheid. Daarom die harde lewe en die stry met die mense rondom hom om te kan bestaan. YHUH self het toe met die man geworstel om te kyk wat in die man steek. Dink net by jousef, hoekom vra hy weer die seën as hy reeds een ontvang het by sy Pa ? Is dit omrede hy weet dat daar meer straf in kan wees as seën ?

In Jer 31:29 staan: *In dié dae sal hulle nie meer sê nie: Die vaders het groen druiwe geëet, en die tande van die kinders het stomp geword. :30 Maar elkeen sal weens sy eie ongeregtheid sterwe; elke mens wat die groen druiwe eet, sy tande sal stomp word.* Met die verse in Jer. kan ons nie onself intrek om 'n verskoning te soek om nog steeds die seëning van Isak te ontvang as nakomelinge nie. Die verse sê net dat die vaders se oortredinge sal nie oorgaan na die kinders nie, maar ons geval in Jakob is die seën. M.a.w. ons sit met bloedgeld / vergelding. Dit is soos wanneer 'n seun sit met 'n pa wat 'n Mafia baas was. Die pa het gemoor, gesteel en skatryk geword. Met afsterwe erf sy seun al sy geboue huise en skatte. Die seun het nie daarvoor gewerk nie, maar tot sit die stigma daaraan dat dit alles bekom was deur bloedgeld. Die man is nou geseënd en kan nou soos 'n koning woon en leef op aarde, maar tog bly dit in sy agterkop dat alles wat hy het sy pa wederregtelik bekom het. Nou kan ons vra wat kan die kind doen om uit so 'n situasie te kom? Sal dit help om alles te verkoop en die geld aan 'n liefdadigheidsorganisasie te skenk ? (Onmiddelik dink ek aan iemand wat bid dat hy die lotto mag wen en die geld aan so 'n organisasie sal skenk) Nee dit sal nie help nie. Die seun bly nog steeds die pa se seun. Almal gaan hom nou steeds skeef uitkyk want hy is die seun van 'n moordenaar.

Kom ons kyk wat het YHUH met Jakob gedoen. Jakob het geweet dat hy en al sy mense (toe hulle op pad terug was na sy pa Isak) dood gemaak kon word deur Esau en sy seuns. Dus kon die seën wat gedeeltelik bewaarheid het tot stop gesit kon word deur YHUH weens ongehoorsaamheid (dink net toe YHUH kwaad was vir die volk in die woestyn wou Hy almal doodmaak en weer met Moses 'n nuwe volk begin Gen.32:10-12). Soos Moses guns by YHUH gesmeek het, het Jakob ook gesmeek. Met die worsteling het Jakob geweet dit is nou of nooit. YHUH weet dat Jakob 'n seën ontvang het wat on'regtelik' was en dat Hy hom kan help as dit Hom behaag. YHUH weet ook dat as hy hom moet vergewe moet Jakob eintlik sterwe en terugkom as 'n ander Jakob of moet ek eerder sê 'n nuwe Jakob. Ek wil amper sê 'n nuwe mens om 'n nuwe seën te kan ontvang. Ons as die kinders (nageslag) van Jakob staan in der waarheid onder die valse seën. Ja die seën is gegee van geslag tot geslag, maar nou wil ek vra, waar is die seën ? Kyk wat tog gebeur het met die volk en waar hulle hulself nou bevind. Telkemaal was die seën van YHUH herhaal vir ons, "as 'n seën of 'n vloek" ? Sê die seën nie dat YHUH ons Skepper en hemelse Heerser wil wees en dat ons Sy uitverkore kinders kan wees nie. Waarom die seer in die seën ?

Kort, kort het YHUU dit uitgewys dat Hy oor Abraham, Isak en Jakob se kinders begaan is. As jy nou mooi daaraan dink dat die verbond met Abram gesluit was en dat hy en sy nageslag die seën ontvang het, hoekom het ons dan nie bekend gestaan as Abram "miete" nie! Indien dit is omrede hy die twee seuns gehad het wat omstredenheid sou verwek, waarom dan nie na sy seun Isak soos in Isak "kiete" nie. Indien Isak soos Abraham 'n probleem gehad met sy twee seuns kon ons tog Jakob "biete" geheet het. Hoekom 'n "nuwe" naam ?

Hier is die antwoord:

YHUU het met Abram toe met Isak en laastens met Jakob probeer om 'n pad te stap saam met hulle nageslag. Dit is nie soseer dat pa die probleem was nie, maar die kinders. Wat help dit YHUU seën die pa, maar deur die kinders se hardnekkigheid gaan die seën oor in 'n vloek (Deut.28). YHUU het behoorlik gees en vleeslik met Jakob geworstel om 'n besluit te maak hoe om Sy uitverkore kinders te help (want satan was listig). Hy moes iewers 'n herbegin maak sodat Sy uitverkore nie verewig verlore mag gaan nie. Jy weet Jakob kon ook net twee seuns gehad het, maar YHUU het reeds die seën wat beloof was in werking laat tree. Dit was net dat Hy dit persoonlik moet laat gebeur.

YHUU verander Jakob se naam en gee hom 'n nuwe identiteit en noem hom 'Israel' "wat beteken prins van EI". YHUU maak hom toe 'n prins wat beteken dat hy as mens nou aan YHUU behoort soos 'n gebore seun in Sy huis. Jakob bestaan nie meer nie, maar Israel wel as 'n nuweling in die huis waar YHUU woon. Dus seën YHUU hom as 'n "nuweling" wat ten volle geseënd mag wees en 'n geseënde lewe daarvandaan kan geniet. Van daardie dag af is hy en sy kinders eersgebore en erfgename van YHUU (ons Pa)

YHUU het geweet dat Hyself die seën moes uitspreek oor Jakob as Vader (Pa) en daardeur is Israel gebore as nuweling in Sy huis. Ja op daardie dag na die worsteling met YHUU is hy "van bo gebore". Hy en sy nageslag is die enigste wesens op aarde wat so 'n seën en voorreg ontvang het. Ewiglik sal daardie seën staan. Ewiglik sal die nageslag van Israel prinse van YHUU wees.

Nou weet ons dat ons as Israeliete gebore (weergebore) is van bo. Al wat nou kan gebeur is dat jou naam uit die Boek van die lewe gegee kan word. Slegs die wat in daardie biologiese bloedlyn gebore is van Israel sal toegang hê in die bruilofsmaal met YHUU se wederkoms.

Tot uitwysing oor die geboorte van bo moet ons na 'n paar aspekte kyk. Jakob het die geboorte van bo ontvang en 'n nuwe mens en nuweling in die Koningshuis geword. Kinders word wel vir hom gebore, maar is nie vanselfsprekend van bo gebore nie. Kom ek stel dit so; die kinders is latent en YHUU wag op hulle om van bo gebore te word (dit hang van hulle af).

Om die term “van bo gebore of weer gebore” te verbreed kan ons gaan na YAHUSHA en Nikodémus.

Ons lees in Joh. 3:3 Jesus YAHUSHA antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God VADER nie sien nie. :4 Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie? :5 Jesus YAHUSHA antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God VADER nie ingaan nie. :6 Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees. :7 Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie. :8 Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is.

YAHUSHA sê: as jy nie die “weer gebore” verstaan(nie sien nie)nie is dit nie vir jou nie. Omrede jy dit nie verstaan nie kan jy nie verwelkom (ingaan nie) word nie. Om te kwalifiseer om te verstaan en in te kan gaan moet jy:

Eerstens om gebore te wees op aarde uit water. Daar is niks op aarde gebore wat nie uit water gebore was nie. Van 'n insek, dier tot die mens is uit water gebore. Ons weet dat ons geleer is dat ons van stof tot stof is, maar die mens soos die dier en insek bestaan amper 70% uit water(groter % in babas)die 30% is die stof tot stof. Dus die 70% word weer deel van die lug wat ons inasem, drink, ens. Soos ons ook geleer het in Lev. dat die siel verbind is met die bloed dus in daardie 70% water is. Dit is baie belangrik om te verstaan wat bedoel word “gebore uit water”. Party bring die doop in wat 100% verkeerd is, want die waterdoop is die afwassing(uitwassing)van wetsoortredinge nie geboorte van bo nie. M.a.w. die 30% word nie skoon gewas nie van oortredinge nie, maar wel in die 70% wat water is. Dus om die verduideliking oor water te verstaan is; alles wat uit die aarde is behoort aan die aarde. Alles buite die water geboorte is nie van die aarde nie(*soos die boodskappers of bo natuurlik*).

Tweedens om gebore te wees op aarde uit Gees. Bo het ons die geboorte uitgewys wat uit stof en vloeistof bestaan. Nou daardie liggaam van 'n insek, dier of mens moet nou asem kan haal. Die asem word Ruach in Hebreeus genoem. Alles op aarde moet daardie “Ruach” hê wat van ons Skepper af kom. Dus sonder daardie “Ruach” sal daar nie een lewe op aarde bestaan nie. Ons as Israeliëte(biologiese nasate van Israel)wat daardie lewensbelangrike “Ruach” van VADER het, het nie net dit ontvang wat die res van YHUH se skepping ontvang het nie. Ons het die “ha Kodesh” by die “Ruach” van VADER ontvang. “ha Kodesh” beteken: afgesonder, afsondering of afgesonderde. Dus het die Israëliet die “asem van afsondering” ontvang (Mal.2:15). Dit kan ook gestel word dat ons met die “Krag” van VADER se asem in ons asem het.

Wat nou baie belangrik is om te weet is dat die afgesonderde Gees wat teenwoordig is in al die biologiese kinders van die Israeliet latent is. Al die nageslagte van Israel (*die 12 seuns van Israel*) is in besit van die "ha Kodesh" deur geboorte, maar moet nog steeds 'n "weer gebore van bo" ontvang ander kan hulle nie in die koninkryk (*verstaan*) ingaan nie.

Nou vir die wat dit verstaan wat ek (YAHUSHA) probeer deurgegee het sal nou die volgende verstaan nl.:

Ons as die enige en enigste volk (*Abraham, Isak en Jakob/Israel*) op aarde wat in besit is van VADER se "ha Kodesh" moet uit die latente stadium uitkom. Ons ieder en elk was 'logies' gebore op aarde, maar met die inligting moet ons nou gaan om weer gebore te word soos 'n Jakob van ouds. Om dit te kan ontvang moet ons voorbereiding doen (*net in kort oor 'voor' 'bereiding'.* Dit beteken voordat daar oorgegaan word om te berei; berei beteken, vir 'n doel gereedmaak of klaarmaak). Jy as 'n uitverkore individu moet gereed en gewillig wees om vir VADER diensvaardig te wil wees.

Eerstens die inkering (oortredings besef) dan bekering (*omdraai weg van oortredinge*) en die doop (*afwassing van oortredinge*). Dus die waterdoop van Johannes (*onderdompeling*) Tweedens die vuurdoop van YAHUSHA. Wat die stappe behels is soos volg: Hetsy water of vuurdoop, dit is geestelik. Met die waterdoop was jy die oortredinge af, wat die voorbereiding is voor die vuurdoop. Die vuurdoop is die voorbereiding voor die geboorte van bo. Die waterdoop soos bo uitgewys moet gebeur en gedoen word sodat die vuurdoop kan plaasvind.

Wat is vuurdoop sal baie vra, tog is dit voor die handligging. Om gedoop te word is 'n plegtige handeling tot inwyding en begin van geloofsgemeenskap. Wanneer die geloofsgemeenskap begin staan jy onder vrywillige wet en orde. Van die begin van inwyding in die geloof gaan YHUUH jou toets en beproef. In die begin (*na doop*) sal YHUUH jou beskerm en oppas sodat realiteit by jou as mens kan begin. Realiteit in die sin dat die ou dinge verby is en die nuwe lê nou voor. Dit is 'n leerproses tussen reg en verkeerd, en dat daar keuses gemaak moet word tussen goed en kwaad. YHUUH gaan jou eers oplei soos 'n rekkie in die weermag en jou dan blootstel aan versoeking (*onthou Hy versoek nie, maar wel satan en sy mag*). Met die nuwe lewe (*na die doop*) waar Hy jou nou aan baie blootgestel is die loutering (*loutering is 'n proses waar 'n edelmetaal {soos goud} in 'n vuurvaste houder in is en in 'n oond of vuur gesmelt word waar die smid die slak of dryfsel afskep sodat daar net die suiwer metaal in die pot kan wees*). Doop deur die water was 'n proses waar 'n begeerte ontstaan het en gedoen was. Berusting het by baie ingetree, maar ongelukkig het totale rus ook ingetree. Vuurdoop begin gewoonlik heelwat later waar baie van die gedoopte manne (die groot rus) vaal. Vuurdoop is dus nie vir almal (*een in 'n stad en twee uit 'n geslag*) nie, want dit is die onderskeid maker. Dit is die toetstydperk tot onderskeiding tussen skaap en skaap.

Wat het YAHUSHA gesê wat gedoen moet word ?

Mat 19:28 En Jesus YAHUSHA sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte (geboorte van bo) wanneer die Seun van die mens op Sy heerlike lofwaardige troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel.:29 En elkeen wat huise of broers of susters of vader of moeder of vrou of kinders of grond ter wille van My Naam verlaat het, sal honderd maal soveel ontvang en die ewige lewe beërwe.

YAHUSHA sê: (1) dat daar 'n geboorte moet plaasvind.(2) 'n nuwe lewe sal intree (3) verlaat alles en almal terwille van Sy Naam. (4) ontvang baie (5) beërwe die ewige lewe.

Die mens het twee geboortes op aarde(wat die vlees aanbetref). Die dag toe hy as baba die eerste asem("Ruach")in geasem het was die eerste en die dag toe hy die asem("Ruach")uitgeblaas het was die tweede. M.a.w. voor en na die bestaan van die stoflike. Tussen daardie twee geboortes wat vleeslike was moet daar 'n "Geestelike" geboorte ook kan inpas. Indien jy dit as mens toegelaat het sal 'n nuwe lewe moontlik wees. 'n Vereiste is daar gestel deur YAHUSHA dat jy alles moet verlaat as dit in stryd is met Sy Naam. Hy beloof dat die dinge wat jy nou gaan beleef baie meer sal wees as wat jy nou het. Die grootste van Sy beloftes is die ewige lewe.

In kort oor die verlaat van "*huise of broers ter wille van My Naam verlaat het*". Dit kan wees wanneer hulle strydig met jou is teenoor jou nuwe lewe, ook wanneer fisiese dood wil intree wanneer jy opstaan vir YAHUSHA of soos die vers sê: ter wille van YAHUSHA hulle verlaat.

Joh. 6:53 En Jesus YAHUSHA sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en Sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie.:54 Hy wat My vlees eet en My bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag.:55 Want My vlees is waarlik spys, en My bloed is waarlik drank.:56 Wie My vlees eet en My bloed drink, bly in My en Ek in hom.:57 Soos die lewende VADER My gestuur het, en Ek deur die VADER lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe. YAHUSHA sê duidelik "eet" en "drink".

"Eet" verteenwoordig om gevul of versadig te word en "drink" om geles of behoefte na vog te vervul. Dit het Sy dissipels reeds om tafel ontvang, maar toe YAHUSHA vir hulle(en ons)dit deurgegee het dat Hy die weg is na die "geboorte van bo"en die geskenk van die ewige lewe wat daarop sal volg. Dus moet ons YAHUSHA eet en drink in die sin om van Hom te leer en oor Hom te praat. Om van Hom te eet is om vervuld te raak deur te luister en in te neem wat Hy jou leer. Om van Hom te drink is wanneer jy ander van Hom vertel sodat hulle gevul kan word. M.a.w. eet is ontvangs en drink is uitdeel. Lewende water moet uit jou mond spoel al kos dit die dood(die tweede geboorte)

Bedink al die dinge my vriend!

Jes.52:6-10; 56:3-8; 48:16-19; 49:5-13; 42:5-9; 43:10; 44:1-8; 45:5-8